MASIFUNDISE DEVELOPMENT TRUST

FishersNET

SEPTEMBER 2009 VOL 12

Published by: Coastal Links and Masifundise Development Trust
601, Premier Centre, 451 Main Road, Observatory, Cape 7925 Tel 021 4475164 Fax 021 4476722
E-mail: info@masifundise.org.za

THE SMALL-SCALE FISHERIES POLICY PROCESS – ALMOST IN THE NET?

Since December 2007 representatives of the fishing community nationally who serve on the National Policy Task Team (NTT) have met with MCM in order to develop a new small scale fishery policy, This consultative process was dealt a serious blow in December 2008 when the Minister released a Draft Policy for Subsistence Fisheries that was not based on the submissions of the fishers and differed from the inputs that was discussed in the NTT. Coastal Link, Masifundise, Artisanal Fishers Association and the community representatives on the NTT rejected this draft policy.

It has taken 6 months to get the policy process back on track. In May 2009 the NTT met with MCM once again to tackle the obstacles standing in the way the process. The new Minister instructed MCM to meet with all stakeholders to inform them of this process and this paved the way for renewed commitment to the process. On the 3rd August 2009 MCM met with stakeholders from all sectors in the fishing industry, including the full NTT, and informed them that MCM would be continuing with the policy process Following this meeting the NTT met and created a sub-committee of the NTT, the Technical Committee, would meet on a weekly basis in order to develop a revised draft policy.

The Technical Team has made considerable progress in gaining agreement on the key principles and approach that should shape the new policy and will present its work to the NTT on the 9th September. The team has debated important issues such as the contribution that the small-scale sector can make to poverty relief and food security, preferential access rights to small-scale and artisanal fishers to near shore resources, the advantages of a community-based approach versus that of an individual rights allocation system. Once the content of this revised draft has been agreed upon by the NTT, this draft policy will be distributed widely for fishers and coastal communities to debate. This new policy hopes to address the inequities and injustice that an apartheid based system created and in addition, it seeks to address the social challenges that have arisen through the medium and long term fisheries policies. MCM and the NTT members have to think creatively about how to jointly design a new approach that will be equitable and environmentally and socially sustainable.

'n, Meer volhoubare benadering vir klein-skaalse vissery: 'n gemeenskaps gebaseerde model

In die ou dae, en nog steeds in baie van ons visser gemeenskappe, was visvang 'n gemeenskap gebaseerde aktiviteit – was almal betrokke en het iets bereik, van die man wat see toe gaan, die vrou wat die vis vlek of die aas voorberei tot die kinders wie die boot skoon maak. Visvang was gebaseer op die inheemse kennis en geskiedenis van die plaaslike vissers wie die 'gewoonte reg' gehad het om vis te vang. Onder die stelsel, het die span saam gewerk en alle 'bone fide' vissers in die gemeenskap het toegang tot die bronne gehad. Die visser gemeenskap het mondelinge reels gehad wat as plaaslike wette beskou was, amper soos hulle eie permit voorwaardes gemaak het. Die see en die natuurlike bronne daarin was beskou as in 'gemeenskaplike besit'of vissers se "gesaamentelike eiendom ". Terwyl daar kollektiewe eiendom was, was daar kollektiewe verantwoordelikheid.

Met die inkoms van die kwotastelsel, nuwe toetredes en die inleiding van individuele visvangregte het alles verander. Die kwotastelsel is gebaseer op die privaatiseering van 'n gesamentelike bron en dit beteken die vooreg om jou lewensbestaan uit die see te maak is net aan 'n paar maatskappye of individue gegee. Onder die kwotastelsel die Minister, deur MCM, besluit wie mag kwotas of visvang regte kry. Die inleiding van hierdie benadering in Suid Afrika het na die onderbreeking van visser gemeenskappe gelei. Dit het een man teen die ander laat put. Alhoewel 'n paar mense gou ryk geword het, het die meeste van die vissers buite die bedryf met geen inkomste gestaan. Die kwotastelsel het armoede vererg en het na 'n verskeidenheid van maatskapelike probleme gelei.

In Julie het die Coastal Links visser leierskap het 'n werkswinkel gehad en hulle het besluit dat hulle 'n gemeenskaps gebaseerde stelsel wil hê en nie 'n individuele kwota stelsel nie. Die rede vir die dit voorstel is dat navorsing oorsee aan dui dat onder 'n gemeenskap

(draai na bladsy 3)

VERSLAG OOR DIE STREEKS WERKSWINKEL

Masifundise en Coastal Links het in Julie 2009 'n streeks werkswinkel in Lambertsbaai gehou. Daar was vyftig (50) gemeenskaps leiers van agtien kus gemeenskappe, insluitende Port Nolloth en Hondeklipbaai in die Noordkaap, verteenwoordig by die werkswinkel.

Die tema van die werkswinkel was "VOORBEREIDING VIR DIE TOEKOMS".

Besprekingspunte op die werkswinkel het die volgende ingesluit :
– Die moontlike vierde (4) tussentydse verligtiging
– Die rol en verantwoordelikheid van Plaaslike Regering teenoor kusgemeenskappe
– Gemeenskaps gebaseerde regte benadering teenoor individueel gebaseerde regte
– Inligting oor die beleids proses
– Die belangrikheid van plaaslike medebestuur komitees en
– Die bekendstelling van die nuwe Coastal Links Uitvoerende Bestuur

Vierde (4) Tussentydse Verligtiging
Terwyl onderhandelinge vir 'n vierde tussentydse verligtiging aan die gang is, het Coastal Links 'n versoek aan MCM gerig om die lynvis periode van die derde tussentydse verligtiging te verleng. Ons onderhandelinge met betrekking tot die vierde tussentydse verligtiging neem in ag dat die vorige maatreëls 'n paar ernstige gebrekke gehad het rakende inhoud en bestuur. Verder is ons bewus die gebrekke gedurende die 2008-2009 Weskuskreef seisoen uitgebuit was deur gewetenlose bemarkers wat tot die verhoging van stropery in talle areas gelei het. Die betrokkenheid van vissers, in wat blyk na korrupte krediet en finansierings skemas, beweerde verhoging in die misbruik van dwelms, sowel as opgeboude spanning binne en tussen visser gemeenskappe is alles opgemerk. Daarom kom die voorstel dat die volgende verligtigings maatreël die idee van 'n gemeenskaps gebaseerde reg moet volg. Dit kan bydra om die kultuur in gemeenskaps lewe te herstel en te versterk.

Die volgende beginsels was, in August, aan MCM voorgestel.
– Verpligte plaaslike medebestuur komitees moet in plek wees voor die tussentydse maatreëls begin. All permitte moet in die sorg van hierdie komitees bly en vissers moet identiteits kaarte gegee word om te gebruik wanneer hulle see toe gaan. Hierdie komitees moet doelmatig ingelig word voor die die implimentering van die tussentydse maatreëls en weeklikse komunikasie tussen hulle en MCM moet in plek gestel word.
– Plaaslike inspekteurs teenwoordig by alle landings punte.
– Monitors moet opgelei, betaal en onder die bestuur van MCM bly.
– Permit voorwaardes moet beperk word tot spesifieke landings punte. Hierdie kondisies moet duidelik aan alle vissers in hul eie taal gestel word voordat hulle hul identiteits kaarte kry. Skriftelike toestemming om in ander areas vis te vang moet verkry word van die ander medebestuurs komittee en dit word slegs toegeken onder uitsonderlike gevalle deur daardie kommittee.
– Slegs geakkrediteerde bemarkings maatskappye moet toegelaat word om die kreef wat deur die tussentydse maatreël gevang word te bemark. MCM moet streng kriteria vir die seleksie van hierdie maatskappye ontwikkel en dit moet in die permit voorwaardes ingesluit word. Hierdie maatskappye moet verder 'n persentasie van hul wins belê in die onderhoud van bote en toerusting om sodoende die tekort aan bote aan te spreek.
– 'n verdere aanbeveling is dat 'n kooperatiewe struktuur in plek gestel moet word om bemarking namens die tussentydse verligtiging vissers te bestuur.
– Die weskuskreef pakket sal vasgestel word nadat die TAV (TAC) besluit is.

Die volgende inhoud was voorgestel:
Port Nolloth tot Kaappunt
– Volle kommersiële lynvis pakket met toestemming om te verkoop maar met boot gebaseerde beheer. Permit kondisies moet roeibakkies toelaat maar ski-bote weerhou of 'n beperking op die enjin kapasiteit moet ingestel word.
– Wit mossel met 'n sak beperking van 50 per dag – met toestemming om te verkoop.
– Swart mossel met 'n sak beperking van 25 per dag – met toestemming om te verkoop.
– Rooi aas – met die hand geoes op die strand of in die tussengety sone
– vir aas gebruik.

Kaappunt tot Arniston/Stilbaai
– Volle kommersiële lynvis pakket met boot beperkings maatreëls, 'n beperking op die aantal bote wat toegelaat word om te registreer vir die tussentydse verligtiging in 'n gegewe area. 'n Verbod op skibote of 'n beperking op die enjin kapasiteit.
– Wit mossel met 'n sak limiet van 50 per dag – toestemming om te verkoop
– Swart mossel met 'n sak limiet van 25 per dag – toestemming om te verkoop
– Rooi aas – met die hand geoes op die strand of in die tussengety sone
– vir aas alleenlik

Die Minister moet nog 'n finale besluit oor hierdie voorstelle neem

(van bladsy 3)
gebaseerde stelsel is daar beter kans dat die stelsel gelykheid en armoede verligting kan versterk. Hulle voel dat daar is meer voordele in die gemeenskap gebaseerde benadering want dit beteken dat die vissers self besluit wie toegang oet kry, en hulle is eintlik die mense wat weet wie die ware vissers is. Een van die ander voordele is dat dit beteken dat die geskiedenis van die visser gemeenskap sal erken word en dat ou vissers wat alreeds 'n boot en toerusting het kan dit eien na sy familie klaar is daarmee. So gaan die tradisie voort. Op die oomblik, met die kwotastelsel, weet 'n kwotahouer glad nie of hy of sy gelukkig sal wees in die volgende 'lotto' aansoek proses nie en het geen sekuriteit vir sy toekoms.

Die gemeenskap gebaseerde benadering beskerm die individu se visvang regte, binne in die konteks van die visser gemeenskap se geskiedenis (as 'n groep) wat al die jare afhangklik was op die bronne in hulle area vir hulle voedsel sekuriteit. Dit versterk elke individu se eis op die bronne. Dit gee meer gelykheid en gee vir die visser gemeenskap die kans op saam hulle bronne te beskerm, vir hulle lewensbestaan en vir hulle kinders en kleinkinders se toekoms.

WAT SE DIE GEMEENSKAPPE VAN DIE VISSERGEMEENSKAP REG?

Die gevoel by die werkswinkel was dat die Vissergemeenskap Reg meer voordele as nadele het. Daar was besluit om dit te aanvaar vir die toekoms.

VOORDELE

• Die gemeenskappe sal meer baat vind, en die reg sal oordrabaar word van geslag tot geslag
• Dit sal die 'poachers' uitroei en die bronne volhoubaar maak
• Vissergemeenskappe weer vereënig
• Die bronne sal beter bestuur word
• Gemeenskappe sal meer daaruit leer en beter hul ekonomiese en sosiale toekoms kan beplan.
• Dit bevorder medebestuur en deelname in besluit neming
• Dit skep werksgeleenthede en bou menswaardigheid weer op
• Geen individuele aansoek proses nie, dit sluit die NIE visser uit.
• Almal word finansieel versterk
• 'n Code of Conduct, vir beter wetstoepassing sal opgestel word.
• Die uitbuiting van vissers kan beter beheer word - almal kry gelyke regte
• Vroue en die jeug word erken dmv. opleiding en bemarking prossesse.
• Sekuriteit op toeganglikheid tot die see en oorerflikheid daarvan
• Tradisionele maniere van visvang sal behou word.
• Inheemse kennis sal behou word.

NADELE

• Is nie n vinnige manier om ryk te word nie.
• Daar sal baie nadele wees as ons nie nou n vissergemeenskap reg kry nie.
• Mense gaan die verkeerde indruk kry, en toestroom na die reg.
• Dit gaan konflik en verdeeldheid bring
• Vissers wil nie vir salarisse wag nie, hulle soek hulle geld elkedag.
• Sal sukkel om dit aanvaar te kry, omdat dit iets nuuts is.

The Role of Local Government

Local Government should be at the heart of developing communities in SA. Through its grassroots linkages, it has the infrastructure, budget, programmes, Local Economic Development (LED) strategies, partnerships with business and the private sector to positively impact the lives of communities. Local Government's role is to reconstruct and develop communities. Municipalities must ensure that their localities are best served through local economic development initiatives and infrastructural development. It is their responsibility to provide local employment which is one way of eradicating poverty. They also have to ensure that they have adequate capacity and resources to meet the many challenges that commuities face, and that they include interested stakeholders like community based organizations, non-governmental organizations in all their strategic planning. This process will ensure public participation and equality in all their development programmes. It is important that comunities understand Local Government's role, sothat they are able to influence decisions sothat their local needs are met.

MEDEBESTUUR

Die vergadering het die belangrikheid van medebestuur beklemtoon.

Een van die groepe het medebestuur so beskryf:

"Medebestuur is die betrokkenheid van verskillende rolspelers in jou gemeenskap om saam besluite te neem en uit te voer!"

Hierdie groepe moet in medebestuur betrek word,

• Navorsing (MCM) en plaaslike (MCM) amptenare
• Plaaslike regering
• Vissers
• Relevante besighede
• Kerke
• Plaaslike gemeenskap leiers

Die rol van die kommittees is om,

- aktief betrokke te wees by die identifisering van plaaslike vissers,
- n deelneemende rol te spel in besluite wat die vissers direk raak,
- te help met die bewaring van die bronne vir die toekomstige geslagte,
- te help met kapasiteitsbou van vissers sodat hulle eienaarskap van hul bronne kan ontwikkel,
- harmonie en disipliene tussen die verskillende gebruikers van die hulpbronne.

Coastal Links moedig al sy lede aan om hierdie komitees te ondersteun en die werksaamhede van die komitees te bevorder.

Editorial

Deur Naseegh Jaffer

Uiteindelik is die beleidskrywings proses weer aan die gang. Dis ‘n skande dat, oor die afglope twee jaar, daar so min vordering gemaak was. Al het byna 1000 vissers tussentydse visvang vrystellings gekry het, was die verligting goed maar nie volhoubaar nie.

Daar is twee basiese redes waarom die proses so vertraag was. Eerstens, was die voormalige Minister huiwerig om ons beleids voorstelle te aanvaar. Daar was geknoei en geknoei aan ons voorstelle tot dat die nuwe konsep beleid heel anders gelyk het as die voorstelle wat ons ingedien het. Die konsep beleid van Desember 2008 het ons summier uitgeskop. So die hele 2008 het dus niks uitgelewer nie.

Tweedens, by die einde van verlede jaar het die regering hulle voorberei vir verkiesing en MCM kon nie met die beleidsvormings proses voort gaan nie. Toe kom alles tot a stilstaan. En dit het bly stilstaan tot MCM sekerheid gekry het oor wie die Minister sal wees wat as hul politieke hoof sal dien.
En ongeag die feit dat Minister Tina Joemat die hoof is van die Department Landbou, Bosbou en Vissery is dit werklik Minister Sonjica, van die Departement Waterwese en Omgewingsake wat eintlik MCM betrek. So die Minister wat op die einde van die dag finaal sal moet besluit oor die nuwe kleinskaalse vis beleid is Minister Buyelwa Sonjica. Ons verwelkom haar tot haar nuwe pos en sien daar na uit om saam met haar te werk om te help om armoede hok te slaan in vissers gemeenskappe.

Soos elders in hierdie uitgawe genoem word is die Nasionale Taakspan hard aan die werk om seker te maak dat ons beleids voorstelle wel in die nuwe beleid ingesluit word. En ek wil net graag alle vissers en ons lesers herinner dat dit dieselfde voorstelle is wat visser verteenwoordigers gemaak het by die talle werkswinkels en vergaderings wat Coastal Links, die Artisanal Fishers Association, en talle ander verteenwoordigers uit die ander drie provinsies aan ons kuslyn. Onder andere verwys ek na die uitsluitsels van die Nasionale Spitsberaad (Port Elizabeth) in 2007, die Nasionalse werkswinkel te Simonstad in 2008, die provinsiale werkswinkel te Paternoster in 2008 en die gereelde kwartaal vergadering van Coastal Links. Die grootste afwyking, van die huidige kwota stelsel, is die voorstel gemeenskaps gebaseerde regte in ‘n eksklusiewe zone. Die detail van hierdie word huidiglik getakel in die taakspan – maar wat seker is is dat die kwota stelsel op pad uit is vir gemeenskaps vissers.

So terwyl die Taakspan besig is om die beleid te finaliseer, en om seker te maak dat dit herskryf word om erkenning vir die tradisionele sektor te gee sal daar ‘n verder tussentydse paket binnekort bekend gestel word. Ons sê dankie dat die Minister besig is om dit te oorweeg en ons hoop dat dit binnegou sal in tree. Maar ons vra ook vir all vrystelling houers om by die permit kondisies te bly en nie dit te oorsrky nie. Dis ons almal se plig om ons bronne te bewaar.

Ons is weer vol hoop…

Die bekendstelling van die nuwe Coastal Links Uitvoerende Bestuur

North West Coast	South West Coast	South Coast
Peter Cloete (Chairperson)	Naomi Cloete (Chairperson)	Maria Hoffman (Chairperson)
Don Sylvester – co opted	CathyThomas	Sarah Niemand
Preston Goliath – co opted	Shanaaz Staggie	*Stuart Du Plessis – co opted*
Rosie Shoshola – co opted	*Norton Dowries – co opted*	*Deon Wilshut – co opted*

n Paar maande gelede, het dit gelyk asof die Coastal Links Uitvoerende Bestuur twee (2) belangrike persone sou verloor. n Aanbeveeling om addisionele persone op die Uitvoerende Bestuur te ko-opteer was bespreek en aanvaar. Dit was verder besluit dat hulle deel sal wees van die bestuur tot die volgende AJV in Maart 2010. Die besluit om die organisasie te herstruktureer en die proses vir die daarstelling van ‘n 2de vlak van leierskap te bespoedig is aanvaar. Die volgende Coastal Links Uitvoerende Bestuur was op die 29ste Julie 2009 by n streekswerkswinkel in Lambertsbaai vasgemaak.

Ons glo dat die addisionelle uitvoerende lede sal help om Coastal Links na ‘n hoër vlak van leierskap te neem. Dit sal help om die organisasie te verstrerk. Daar is ook ooreengekom dat n ondervoorsitter by die volgende byeenkoms gekies sal word en dat die persoon uit die nuwe lede sal kom.

Voorste ry: Naomi Cloete, Shanaaz Staggie, Deon Wilschut, Cathy Thomas, Rosie Shoshola, Sarah Niemand. Agterste ry: Stuart DuPlessis, Norton Dories, Preston Goliath, Don Sylvester, Peter Cloete, Maris Hoffman:

PHOTOS : © Masifundise